Wiskunde · Graad 4

Ruimte, Meting en Datahantering

Kwartaal 1–4 | 7 vrae | KABV-gerig

TOTAAL 40 PUNTE

NAAM EN VAN _____ KLAS _____ DATUM _____

Instruksies

1. Lees al die vrae noukeurig deur voordat jy begin skryf.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel self.
3. Wys al jou bewerkings waar die vraag dit vra.
4. Skryf netjies. Werk wat nie gelees kan word nie, kan nie gemerk word nie.
5. Jy mag 'n potlood en 'n liniaal gebruik vir tekeninge.
6. Sakrekenaars word nie toegelaat nie.

Vraag	Onderwerp	Punte	Behaal
1	Veelkeusige vrae	5	
2	Tyd	2	
3	Lengte en massa	8	
4	Kapasiteit	4	
5	Omtrek, oppervlakte en volume	6	
6	Ruimte en vorm	9	
7	Datahantering	6	
	Totaal	**40**	
	Persentasie		%

Gratis voorbeeld · druk en deel dit gerus

Hierdie toets is 'n gratis voorbeeld van MeerkatSkool. Druk dit gerus vir jou kind en deel dit met ander ouers en onderwysers. Vra ons oor die volledige boekie met al die toetse en memo's: meerkatskool.co.za of WhatsApp 066 462 7629. Hierdie voorbeeld mag nie verkoop word nie.

Afdeling A

1 Veelkeusige vrae

5 punte

Kies die korrekte antwoord en omkring die letter daarvan.

OEFENVOORBEELD · DOEN DIT EERS SAAM

Watter getal kom volgende in die patroon?

4; 8; 12; 16; _____

a 18 b 20 c 24

Die patroon tel elke keer 4 by. 16 + 4 = 20, dus is die antwoord b. Omkring die b.

Hierdie voorbeeld tel nie punte nie. Dit wys net hoe om te antwoord.

1.1 Watter vorm is 'n REËLMATIGE veelhoek? **(1)**

(a) 'n Reghoek van 6 cm lank en 3 cm breed (b) 'n Vierkant (c) 'n Driehoek met sye van 3 cm, 4 cm en 5 cm

1.2 Hoeveel sentimeter is daar in 3 meter? **(1)**

(a) 30 cm (b) 300 cm (c) 3 000 cm

1.3 Watter 3D-voorwerp het 6 plat vlakke? **(1)**

(a) 'n Silinder (b) 'n Keël (c) 'n Kubus

1.4 Die omtrek van 'n vierkant is 20 cm. Hoe lank is een sy? **(1)**

(a) 5 cm (b) 4 cm (c) 10 cm

1.5 Jy gooi 'n gewone dobbelsteen een keer. Hoeveel verskillende uitkomste is moontlik? **(1)**

(a) 2 (b) 6 (c) 12

Afdeling B Kort vrae

2 Tyd — 2 punte

2.1 Kyk na die horlosie hieronder. **(2)**



a. Hoe laat wys die horlosie? _____

b. Skryf hierdie tyd in die middag in 24-uurtyd: _____

3 Lengte en massa — 8 punte

3.1 Voltooi die herleidings. **(3)**

Herleiding	Antwoord
4 km = ? m	
2 500 g = ? kg ? g	
70 cm = ? mm	

3.2 Kyk na die skaal hieronder. **(2)**



a. Wat is die massa in gram? _____

b. Skryf hierdie massa in kilogram en gram: _____

3.3 'n Bouer het 18 sakke sement nodig. Elke sak het 'n massa van 50 kg. Wat is die totale massa in kilogram? Toon jou bewerking. **(3)**

_____


_____

_____

4 Kapasiteit

4 punte

4.1 Kyk na die maatbeker hieronder. **(2)**



a. Hoeveel vloeistof is in die maatbeker? _____

b. Watter breuk van 'n liter is dit? _____

4.2 'n Tenk hou 96 liter water. 'n Gesin gebruik 8 liter per dag. Hoeveel dae sal die water hou? Toon jou bewerking. **(2)**


_____

_____

5 Omtrek, oppervlakte en volume


6 punte

5.1 Bereken die omtrek van die reghoek hieronder. Toon jou bewerking. **(3)**




Omtrek: _____

5.2 Bepaal die oppervlakte van die figuur hieronder deur die blokkies te tel. **(1)**



Oppervlakte = _____ vierkante eenhede


5.3 Thabo pak die doos hieronder vol kubusse. a. Hoeveel kubusse is in die boonste laag? b. Die doos het 2 lae. Hoeveel kubusse vul die doos? **(2)**



6 Ruimte en vorm

9 punte

6.1 Benoem die 3D-voorwerpe A, C en E hieronder. **(3)**



A: _____ C: _____ E: _____

6.2 Skryf neer hoeveel sye elke 2D-vorm het. **(3)**

Vorm	Aantal sye
Driehoek	
Reghoek	
Seshoek	

6.3 Kyk weer na die 3D-voorwerpe by 6.1. Watter tekening (1, 2 of 3) wys voorwerp A, voorwerp B en voorwerp D van BO? **(3)**




A: _____ B: _____ D: _____

7 Datahantering

6 punte

7.1 Die staafgrafiek hieronder wys hoeveel boeke Graad 4 elke dag geleen het. Bestudeer dit en beantwoord die vrae. **(4)**




a. Op watter dag is die meeste boeke geleen? _____

b. Op watter dag is die minste geleen? _____

c. Hoeveel boeke is vir die hele week geleen? _____

d. Wat is die verskil tussen die hoogste en die laagste dag? _____

7.2 Die sirkelgrafiek wys hoe 32 Graad 4-leerders skool toe kom. a. Watter breuk van die leerders stap? b. Hoeveel leerders kom met 'n taxi? **(2)**



Totaal **40 punte**



Gratis vasvrae

Klaar met hierdie toets? Oefen verder aanlyn!

Meer as 12 000 gratis vrae vir Graad 4 tot 7, in elke vak en volgens KABV. Na elke antwoord kry jou kind ’n kort verduideliking. Geen registrasie nodig, en dit werk op ’n foon.

meerkatskool.co.za

Skandeer met jou foon om dadelik te begin

’n Klein versoek van ons

Baie dankie dat jy MeerkatSkool ondersteun! Ons is ’n klein Suid-Afrikaanse besigheid, en elke vraestel is met groot sorg saamgestel.

Hierdie toets en memo is ’n gratis voorbeeld: deel dit gerus met ander ouers en onderwysers. Vra ons oor die volledige boekie: meerkatskool.co.za of WhatsApp 066 462 7629.

Dankie!
Die MeerkatSkool-span

Gratis vasvrae
meerkatskool.co.za

E-pos
info@meerkatskool.co.za

WhatsApp en oproepe
066 462 7629

Help ons verbeter

Kry jy ’n fout in hierdie toets? WhatsApp ons dadelik. Ons maak dit binne 24 uur reg en stuur vir jou die nuwe weergawe.

Skandeer om ons te WhatsApp · 066 462 7629